

I 2.12 Vol 240 p 12742-12780

SAAKNOMMER: CC 452/55

DELMAS

1987-06-19

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR: MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 240

(Bladsye 12 742 - 12 780)

ISMAIL AYOB & ASSOCIATES
COPY
FOR YOUR INFORMATION

HOF HERVAT OP 19 JUNIE 1987.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MNR. JACOBS : U Edele, al die beskuldigdes is hier behalwe beskuldigde nr. 19 aan wie u gister verlof verleen het wat vandag kon wegbly.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek wil dan nou gaan na die vergadering van 26 Augustus 1984, maar in die lig hiervan - ek het 'n bietjie onduidelikheid oor die kwessie van die "interdict". Kan jy net vir ons duidelik sê, was hierdie "interdict" bedoel gewees, of dat die (10) huurverhoging nie in werking gestel word nie of was die "interdict" bedoel om mense te kry wat uitgesit word en dan 'n "interdict" teen die uitsetting te kry? Hier is vir my verwarring daarin.

HOF : Met ander woorde, was dit 'n algemene indruk wat die hele huurverhoging raak of was dit ten aansien van indiwiduele gevalle waar daar opgetree is as gevolg van nie-betaling nie? -- Dit sou eers in werking gestel word ten opsigte van die mense wat uit die huise gesit word, om dit te stop.

MNR. JACOBS : Op die vergadering van die 26ste, volgens jou (20) getuienis was daar 'n persoon rondgestuur wat name geneem het wat sou gesit word op die "interdict" as die applikante. Is dit reg? -- Ja.

En dit is mense wat dan sitteer sou word op 'n "interdict" waar dit gegaan het teen uitsetting van mense wat nie hulle huur betaal het nie? -- Ja.

Hierdie mense wat hulle name daar opgegee het, kan jy vir ons sê, is dit mense wat nie huur betaal het nie? -- Dit was mense gewees wat huur betaal.

HOF : Wat wel betaal? -- Hulle was mense wat huur betaal (30)

in/...

in die sin dat hulle permithouers was. So, hulle was verantwoordelik gewees vir die betaal van die huur ten opsigte van die huise wat hulle bewoon het, maar dat hulle nou op daardie stadium die huur op datum betaal het of nie, dit kan ek nie sê nie.

MNR. JACOBS : Wat se versoek het julle gerig toe julle gevra het mense moet daardie vorm teken en name gee?

MR. BIZOS : It is going to lead to confusion. The evidence has been that it was not a form.

MNR. JACOBS : Die boek. (10)

HOF : 'n Spiraalboekie.

MNR. JACOBS : Spiraalboek. -- Wat ons gesê het aan die vergadering is dat die persone wie se name opgegee word in hierdie boekie om daar ingeskryf te word, sal gebruik word vir die aansoek vir die "interdict".

Het julle verduidelik daar dat dit mense moet wees wat agterstallig is met hulle huur op daardie stadium en wat moontlik uitgesit kan word? -- Herhaal die vraag?

Ek vra vir jou, het julle aan die mense verduidelik dat julle wil - die name wat julle verlang wat op daardie (20) spiraalboekie geskryf moet word, is name wat agterstallig is met hulle huur en daar 'n moontlikheid is dat daar teen hulle opgetree kan word en hulle uitgesit kan word? -- Nee, dit was nie so oorgedra nie, maar wat in gedagte was, was die volgende, dat die mense se name later kan gebruik word vir gevalle waar mense uit die huise gesit word, dat dié name dan gebruik word as mense wat aansoek doen vir die "interdict".

HOF : Al is hulle self nie agterstallig of uitgesit nie? -- Nee, dit sou afgehang het na ons die prokureur gesien het in die verloop van die sewe dae, of ons dit nou so kan gebruik (30)

of/...

of nie.

MNR. JACOBS : Daar is natuurlik ook 'n ander moontlikheid. Het hulle miskien dan daar op die vergadering gesê dat julle vra vrywilliges wat in die toekoms nie hulle huur moet betaal nie, sodat hulle 'n gevaar loop om uitgesit te word, sodat julle hulle dan kan gebruik as applikante? -- Nee.

Kan jy dan vir die Hof verduidelik, ek verstaan dan nie, kan mense wat hulle huur betaal, wat nie agterstallig is nie, en wat nie van plan is om agterstallig te raak nie, hoe kan hulle gesitêr word as die eisers of die applikante in 'n (10) aansoek vir 'n "interdict" om te stop dat hulle uitgesit moet word? -- Die name sou gebruik gewees het na oorweging, dit wil sê dit sou afgehang het of daar ander persone na vore gekom het met die klagte dat hulle nie in staat is om te betaal nie, soos dit alreeds vroeër gebeur het dat mense kom kla het dat hulle nie in staat sal wees nie. Dan sou die name gebruik gewees het.

HOF : Was u siening dat as mnr. A uitgesit word uit sy huis en sy naam is nie in die spiraalboek nie, dan sal mnr. X wie se naam in die spiraalboek is aansoek om 'n interdik bring(20) in verband met daardie uitsetting? -- Dit kon op daardie manier gedoen gewees het ook, maar wat ek sê is dat ek moes nog teruggegaan het na die prokureur toe om 'n volledige advies te gaan kry aangaande dit.

MNR. JACOBS : Wie sou die regs-kostes en die ander koste betaal het vir verkryging van hierdie "interdict"? -- Die mense teenwoordig daar, dit wil sê die gehoor, moes ook deel geneem het in die invordering van die gelde wat benodig gaan word vir die "interdict" en dan verder, meer as dit sou ons om hulp gaan vra het by enige plek waar dit moontlik was om(30)

hulp/...

hulp te verkry.

HOF : Moes elke man wat sy naam opgee in die spiraalboek ook sê "Ek teken dat ek R5,00 of R1,00 sal bydra"? -- Ja, dit is hoe ek dit in gedagte gehad het.

Maar is dit so gesê? -- Ja, hulle was gesê.

MNR. JACOBS : Was die mense gevra vir vrywillige bydraes en moes hy 'n bedrag by sy naam gesit het of hoe was dit gedoen of was 'n vaste bedrag vasgestel? -- Nee, dit het nie gebeur nie, maar dit sou plaasgevind het as ons nou by die kwessie van die finansies kom, dat die mense nou uit hulle eie kan(10) sê hoeveel hulle bereid is of in staat is om by te dra ten opsigte van die finansies wat daar betrokke is.

Hoeveel mense het toe die spiraalboek geteken? Weet u? -- Ek kan nie onthou hulle was nie.

En die spiraalboek, het jy hom toe by jou geneem na die vergadering? -- Nee.

Maar was dit nie belangrik dat jy dit by jou moet hê sodat jy dit aan die prokureur of agent wat jy gaan sit het kon oordra en sê hier is dit nie? -- Ek sou dit verkry het indien dit nodig was dat ek 'n prokureur moes gaan sien. (20)

Ek verstaan nie indien dit nodig was nie, want jy sou mos 'n prokureur gaan sien? -- Ek sê dit sou nie 'n probleem vir my gewees het om dit te kry nie.

Wat het van die boeke geword? -- Ek het dit in Hlubi se hande gelaat dat Hlubi dit by hom hou.

Het jy nooit probeer om dit terug te kry van Hlubi af nie? -- Dit het nie so gebeur nie.

Selvs nie eers na die onluste begin het nie? -- Want daar was toe onluste gewees.

Selvs nie eers na die onluste begin het nie? Was dit(30) nie/...

nie nodig dat daar nog voortgegaan word met die hofinterdik nie? -- Dit was belangrik gewees om voort te gaan, maar sekere dinge het toe met my gebeur wat my dan belemmer het.

Totdat jy gearresteer was, het jy glad nie kans gehad om dit te gaan kry nie? -- Ja, want soos ek alreeds getuig het daar het toe ander dinge, baie ander dinge plaasgevind wat ek alreeds van getuig het.

Op hierdie vergadering van 26 Augustus wie was almal sprekers op daardie vergadering? -- Net ek alleen.

Was beskuldigde nr. 2 nie 'n aangewese spreker nie? -- (10) Nee.

Ek wil dit aan jou stel dat volgens hierdie bewysstuk, BEWYSSTUK V31, is daar geen aanduiding dat hy ooit 'n versoek gerig het om daar 'n spreker te wees nie.

Het hy gevra om te praat? -- Sekere dinge het daar in my afwesigheid plaasgevind. Met my aankoms daar was hy al besig met sy toespraak. Dit wil sê wat net voor dit plaasgevind het, het in my afwesigheid plaasgevind.

Nee, ek praat nie van jou afwesigheid nie. Ek stel dit net aan jou as 'n feit dat hier is geen aanduiding volgens (20) BEWYSSTUK V31 dat beskuldigde nr. 2 gevra het voordat hy gepraat het om 'n toespraak te lewer nie? -- Daar is.

Ek wil dit ook aan jou stel dat wat hier gebeur is dat mar. ... (Mr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : As he was absent and we are going to rely on the document only on page 4, four lines from the bottom, we will get a few words from the speakers and then it says "Brief pause" one of those who were present last week. So, we do not know what happened during that brief pause. This is immediately before Mr Hlomoka speaks. (30)

COURT : We will have to look at the video. You mean something may have been left out there?

MR BIZOS : No, we do not know. The witness was not there, but the document does not clearly indicate that there was no intervention of some sort.

HOF : Wel, dit kan ons nie debatteer op die stukke hier nie.

MNR. JACOBS : Ek gaan dan ook na hierdie afdeling toe dat voor dit is daar geen aanduiding nie. Kan ek voortgaan op hierdie basis en as ek verkeerd is kan die Hof my dan stop?

HOF : Ja. (10)

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat hierdie selfde passasie waarna mnr. Bizos nou verwys, verwys Hlubi spesifiek daar na "speakers" wat hy wil aan die woord stel, dat daar moes - ek wil dit aan jou stel, hy moes h lys van sprekers gehad het voor die tyd en nie net een spreker nie, maar sprekers, want hy sê "I will now try so shorten the discussions greatly. We will get a few words from the speakers"? -- Nee, dit is nie hoe ek dit verstaan nie. Ek verstaan dat hy aan die gehoor sê dat hy sprekers van die gehoor gaan toelaat om kortliks iets te sê en een van die sprekers wat (20) hy na verwys is die een wat verlede week teenwoordig was, h lid of die persoon wat vanaf AZAPO gekom het, dit wil sê dit is Hlomoka.

Jy het daardie dokument voor jou. Wys vir my waar verwys hy dat hy gaan nou sprekers van die gehoor af vra? -- Ek praat van wat ek weet dat daar geen sprekers was nie.

En ek wil dit aan jou verder stel dat mnr. Hlubi sou op daardie stadium nie na sprekers verwys het wat hy aan die woord gaan stel om die verrigtinge te verkort nie, as jy die enigste spreker was, want hy kon dit nie doen nie (30)

omdat/...

omdat jy nie teenwoordig was op daardie stadium nie? -- Nee, ek stem nie saam met dit wat aan my gestel word nie, want u is self bewus dat ek die persoon is wat moes kom verduidelik het aangaande die twee punte. Dit is die "court interdict" en die ander punt. Dus het hy daarvan geweet dat ek nie daar is nie, maar intussen moes die vergadering voortgegaan het. Dit is juis die punt dat hy nou gevra het van die gehoor af of daar iemand is wat iets kan sê.

U praat baie maklik hier woorde wat eintlik nie in die stuk voorkom nie. As hierdie stuk voor die Hof 'n korrekte (10) stuk is, het hy nooit sprekers gevra om van die gehoor op te tree op hierdie stadium nie? -- Dit is 'n versoek wat hy rig aan die gehoor, soos ek nou sê.

En hy het toe voortgegaan om mnr. Hlomoka, beskuldigde nr. 2, aan die gehoor voor te stel. Is dit reg? -- Ja.

Is daar enige ander sprekers op daardie vergadering wat mnr. Hlubi aan die gehoor voorgestel het en met dit bedoel ek vandat jy op die vergadering gekom het? -- Nee.

Nie een enkele een nie? -- Ek kan nie onthou dat daar ooit iemand voorgestel was nie, want die manier waarop (20) hierdie mense gevra het, is nie dieselfde nie.

En stem jy ook saam dat hierdie dokument BEWYSSTUK V31 bevat nie die toesprake van al die mense wat daar gepraat het op daardie vergadering nie? -- Dit is nie die waarheid nie.

Wat bedoel jy is nie die waarheid nie? -- Dat hierdie dokument nie al die sprekers se toesprake bevat nie.

HOF : So, hy is volledig? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is, dit is korrek as die vraag bedoel is dat dit nie alles is wat die mense daar gesê het wat ten opsigte (30)

van/...

van elke spreker hier genoem word nie.

Die vraag is, bevat V31 die toesprake van almal wat op die vergadering gepraat het? -- Ja, dit bevat almal se toesprake.

MNR. JACOBS : Hoe kan jy dit sê? -- As n mens die inhoud van BEWYSSTUK V31 vergelyk met die beeld wat n mens sien op BEWYSSTUK V40 kan jy dit sien.

Jy sien, hoekom ek vir jou vra is, mnr. Harris, as ek sy getuienis reg onthou, het vir hierdie Hof gesê dat hy het selektief te werk gegaan met wat hy opgeneem het daar in (10) beeld en die klankmateriaal en dat party mense se toesprake was glad nie eers opgeneem nie?

HOF : Is dit heeltemal reg? My herinnering is dat hy elke spreker op sy beeld of klank gekry het, maar nie die volle toespraak van so n spreker nie.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : "I did not miss anybody."

HOF : Hy het nie deurgaans elkeen opgeneem nie, maar hy het die begin en miskien die einde van die persoon opgeneem.

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat dan. Ek wil dit aan u stel, eers reguit stel, dat hierdie hele reeks vergaderings(20) was n georganiseerde reeks vergaderings met ander organisasies en met die arbeiders en vakbonde? -- Ek stem nie saam met u nie.

Miskien kan u dan vir my duidelikheid gee op BEWYSSTUK V30 as jy na bladsy 6 toe gaan.

HOF : U sal onthou V30 is die transkripsie van die onderhoud wat u gehad het met mnr. Harris na die tyd.

MNR. JACOBS : Ek sal vir jou lees hierso, op bladsy 6 word die vraag gestel deur mnr. Kevin Harris "Who was that man in the green jersey? Who was" en dan was daar n onduidelikheid.(30)

Kan/...

Kan jy onthou dat hy so n vraag gevra het? -- Ek wil eers na die dokument kyk. Is dit bladsy 6?

Ja.

HOF : Kan u nie meer die onderhoud goed onthou nie? -- Ja, ek onthou, maar ek wil net hier kyk en seker maak wat aan my gestel word is reg.

U kan aanvaar dat wat gestel word is reg, anders sal ek die advokaat korrigeer.

MNR. JACOBS : Jy het nou daardie bewysstuk voor jou. -- Ja.

Wie is die persoon in die groen trui waarna hier (10) verwys word? -- Mkhwanazi was die persoon.

Is hy verbonde aan n vakbond? -- Ja.

Watter vakbond behoort hy aan? -- Ek weet nie.

Die volgende wat dan daar gestel word op hierdie dokument is waar jy self antwoord "By the way, this thing came about." Kan jy onthou dat jy dit gesê het? -- Ja.

En Kevin Harris "People from the community." -- ja.

Die "this thing" waarna hier verwys word, dit is die vergadering, is dit nie? -- Ja, ek verwys na die vergadering.

So, die hele gesprek wat jy en mnr. Hlubi en mnr. (20) Harris daar gevoer het op hierdie punt, toe hy van die man in die groen trui begin praat het, was hoe dat hierdie vergadering en ook die ander vergaderings, protesvergaderings teen die huur wat in jou kerk gehou was en om dit nie te verwar nie, dat ons duidelikheid kry van 12 Augustus 1984, 19 Augustus 1984, 26 Augustus 1984, dit is die vergaderings waarna verwys word hier? -- ja.

Dan wil ek dit aan jou stel dat die antwoord daar van Hlubi was gewees dat dit het tot stand gekom na julle almal samesprekings gevoer het met die organisasies in die Vaal (30)

en/...

en met die vakbonde in die Vaal en die kerke in die Vaal?

HOF : Hoekom vertolk u die ding? Kan u nie maar net lees wat hier staan nie of wil u meer daarin lees?

MNR. JACOBS : Jy sien wat mnr. Hlubi dan sê is "Ja, from the community or from the different organisations, they just came together in order to see how (what is said further on cannot be heard clearly." Het jy enige kommentaar hierop? -- Ek het mos verduidelik waar ek nou begin praat het hoe dit gekom het.

Maar in hierdie hele gesprek kom dit dan uit dat hierdie vergaderings het gekom na samesprekings soos Hlubi sê "from(10) the community or from the different organisations. They just came together in order to see how." -- Ek het verduidelik dat dit was die kerk en die twee werknemers van die vakbond wat betrokke is met die vergaderings.

Dit het jy verduidelik, maar ek stel dit aan jou jy het nie ook aan die Hof verduidelik nie dat soos Hlubi dit ook hier sê dat daar samesprekings was met die organisasies in die Vaal, met die organisasies dan? -- Ek het dit nie aan die Hof verduidelik nie soos Hlubi dit daar stel nie, want ek het aan die Hof hier verduidelik van wat ek weet wat (20) gebeur het.

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. In die oorspronklike teks watter woord word gebruik vir "organisations"?

MR BIZOS : This is in English.

COURT : Oh, it is in English. Sou u normaalweg verwys na "trade unions" as "organisations"? -- Ek het nie n ondervinding wat dit betref nie, maar dit is miskien wat die persoon bedoel dat hulle as werknemers van die vakbond beskou hulle self as organisasies.

Kom ons vergeet nou van wat hy bedoel. Ek vra vir u (30)

wat/...

wat u sê. As u nou daar in die gemeenskap praat en u praat van vakbonde, praat u van "organisation" of praat u van "unions"? -- Daar is n spesifieke woord in my taal as ek dit in Sotho moet gebruik. "Trade unions" is gelykstaande in my taal aan "mikhatlo wabasebetsi."

En "organisations"? -- "Organisations" is gelykstaande aan "mikhatlo."

As u Engels praat, want dit is tog wat u gedoen het, praat u van "trade unions" of van "organisations" as u "trade unions" bedoel? -- Nee. (10)

Nee, wat? -- Ek sal dit gebruik in die verstandhouding dat n mens moet verstaan ek praat van "trade unions".

Nee, ek vra u al hierdie vrae asof dit wil voorkom asof mnr. Hlubi nie iets anders verwys het as waarna u verwys het? -- Wat my betref hier, volgens my siening, hy het nie n goeie kennis van onderskeiding in die gebruik van woorde in die amptelike tale nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ek u miskien net terugneem na n antwoord wat u gegee het op n vraag van adv. Jacobs. Dit gaan oor die uitlating wat u maak "There was a consul- (20) tation" heel onder aan die bladsy. U antwoord was "Ek het verduidelik daar was samesprekings tussen die kerk en die twee lede van die vakbond. -- Ja.

Is dit korrek? U sien, die transkripsie hier sê dat u gesê het "There was a consultation of the churches and the trade unions"? -- Ja, maar ek het nou net verduidelik aan die Hof dat ek bedoel die kerk en die werknemers van die vakbonde.

HOF : Nee, maar wat u vir ons sê is dat u verteenwoordigende St Cyprians het gepraat met twee persone verteenwoordigende niemand? -- Ja, hulle is net werknemers. Ek is die priester(30 van/...

van St Cyprians.

Maar dit is nie wat u vir mnr. Harris vertel het nie? --
Ja, maar ek het later daar verduidelik wat eintlik die posisie
is, dat ek 'n priester is en hulle is werknemers.

MR BIZOS : It appears on top of page 7.

MNR. JACOBS : Ek wil aan u stel, dat wat jy hier vir mnr.
Harris sê "There was a consultation of the churches and the
trade unions to see about this. So, the church is looking
from the one side and the labour is looking" ek aanvaar seker
van "the other side"? Dit beteken tog baie duidelik dat (10)
daar vooraf konsultasie moes gewees het tussen die kerke en
die vakbonde? -- Nee, ek het nou net vir die Hof gesê op die
volgende bladsy sal u vind dat ek dit daar uiteengesit het
dat ek as 'n man wat namens die kerk opgetree het, het die
werknemers van die vakbonde genader.

HOF : Ek sien dit nie so daar nie. Die indruk wat ek kry
uit bladsy 7 is dat daar 'n ooreenkoms was tussen die vakbond
verteenwoordigende deur die ander persoon, synde Orange Vaal
General Workers Union en die kerk verteenwoordig deur u? --
Nee, dit is nie hoe dit eintlik gelees moet word nie. Wat (20)
daar bestaan is dat ek die mense van die vakbond genader het
en 'n gesprek met hulle daar uitgevoer het en ek is 'n persoon
wat aan die kerk behoort. Dit wil sê 'n lid van die kerk het
samesprekings gevoer met die werknemers van die vakbond.

MNR. JACOBS : Ek wil dit nog aan jou verder stel - ek gaan
nie alles deurlees nie, dit volg, soos jy sê, dat daar verwys
word na Hlubi en Nozipo, maar dan kom mnr. Harris en hy vat
die punt, die hele bespreking saam "So, the workers and the
church came together" en dan antwoord Peter Hlubi daar "Ja,
we told them they should actually come up strong, ja." (30)

So/...

So, dit is verdere bevestiging dat hierso samesprekings was tussen jou van die kerk en die vakbonde vir die hou van hierdie vergaderings? -- Nee, dit is nie hoe dit vertolk moet word nie.

En dan wil ek dit nou verder aan jou stel dat jy is daar teenwoordig en jy korrigeer nooit die verkeerde beeld wat jy dan voorgee wat hier weergegee word op bladsy 7 nie, 6 en 7? -- Ek het verduidelik, soos u sal opmerk hierso, party plekke waar ek net begin praat om iets te sê, dan val Hlubi my in die rede, want Hlubi is in staat om vinniger te praat as wat ek kan doen. Ek is nie 'n persoon natuurlik (10) wat so vinnig kan praat nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is baie dikwels 'n nadeel.

HOF : Praat Hlubi ook baie lank? -- Nee, ek sê hy is baie vinnig om te praat.

Terwyl ons nou met Hlubi besig is. Hy was nie 'n persoon van Sharpeville nie? -- Ja.

Hy was van Johannesburg? -- Nee, van Kathlehong.

Dus hy was nie 'n permithouer van 'n huis in Sharpeville nie? -- Ja. Hy het in die plek van Phil Mosiea gewerk, want Phil was nie teenwoordig nie. (20)

En beskuldigde nr. 2 was ook nie 'n permithouer van 'n huis in Sharpeville nie? -- Ja, maar hy is 'n inwoner van die Vaal woonagtig te Sebokeng.

En beskuldigde nr. 16 is ook nie 'n permithouer van 'n huis in Sharpeville nie? -- Ja.

En uself? -- Ek is 'n inwoner van Sharpeville. Ek het 'n permit van Sharpeville.

In wie se huis is dit? -- Die huis behoort aan die kerk, maar die predikant wat die huis bewoon is die persoon wat die inwoner is van daardie huis. Dus die permit vir die (30)

tyd/...

tyd wat h persoon daar woon is op jou naam.

Maar is die huis die eiendom van die kerk? -- Ja.

Ek opper die punt omdat dit by my opgekom het gisteraand dat die groot figure op hierdie vergaderings wat betref die besluit om nie die verhoogde huur te betaal nie, werklik geen risiko geloop het nie? -- Nee, maar dit kan nie wees nie, want toe die besluit geneem was dat die verhoging op die huur nie betaal moet word nie, was Hlomoka, beskuldigde nr. 2 en Manthata, beskuldigde nr. 16 nie op daardie vergadering teenwoordig nie. Tweedens, dit was h voorstel gewees (10) van die Sharpeville se inwoners en wat Hlubi betref het hy ook nie hierdie voorstel gemaak nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dan teruggaan self toe op 26 Augustus. Sal jy saam met my stem dat die teiken van die mondelingse aanval van die mense en die sprekers op hierdie vergadering was weer eens die raadslede? -- Nee.

En ek wil dit aan jou stel dat dit is weer - die doel daarvan is weer eens om die raadslede in onguns te bring by die gehoor en te beswadder? -- Dit is nie so nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat beskuldigde (20) nr. 2 het op hierdie vergadering gesê dat die raadslede is die instrumente van die Regering om die Swartmense te onderdruk? -- Ja, hy het so gesê, maar nie dat hy bedoel het hy is nou teen die raadslede nie, want verder het hy iets daar duidelik gemaak.

Wat vir my interessant is altyd, hoe kan jy sê wat het h ander persoon bedoel toe hy iets gesê het?

MR. BIZOS : Because further on he said something else.

MNF. JACOBS : Sê vir ons wat het hy verder aan gesê wat dit h ander bedoeling gegee het? -- Hy het gesê dit (30) beteken/...

beteken nie dat ons hierdie mense haat nie.

Maar dit maak nog nie saak nie. Hoe weet jy nou wat hy bedoel het? -- Dit staan daar geskryf. Hy sê na hy daardie woorde gebesig het dat dit eintlik nou nie beteken dat ons die mense moet haat nie.

En stem jy saam dat Hlubi het op hierdie vergadering, die voorsitter, gesê die raadslede is honde wat doen wat hulle meester sê hulle meester moet doen? -- Ek het hier verduidelik aan die Hof dat hulle eintlik gemaak word as 'n voorbeeld soos honde, omdat hulle dit wat gesê word deur die meesters (10) van hulle uitvoer.

Maar die feit is, vir hierdie gehoor wat daar gesit het die mense wat daar gesit het, het aangehoor van Hlubi dat hulle, die raadslede, is honde omdat hulle die Regering ondersteun?

MR BIZOS : That is not what it says.

MNR. JACOBS : Ek stel dit so.

HOF : Waar is die sin?

MR BIZOS : Bottom of page 6, top of page 7.

HOF : Soos honde. Hulle is gestuur soos honde. (20)

MNR. JACOBS : En ek wil dit stel, die implikasie wat 'n mens daaruit verstaan dan, dat hulle word vergelyk met honde? -- Ja, maar nie met die slegte bedoeling daar nie. Kyk, 'n hond is 'n groot vriend van enige mens. Hier word hulle net vergelyk met die honde, want ek weet van sekere mense wat van honde so baie hou, meer as wat hy van 'n ander mens hou.

Dit is nie wat gesê word hier nie. Hier word die hond bedoel nie as die vriend van die mens nie, hier word hy beskou as 'n slegte ding hierso? -- Nee, dit is nie so nie.

Want hy sê dan verder ook in hierdie selfde stuk, stel (30)

ek/...

ek dit aan jou, hy sê h raadslid is sommer h ding wat deur die Regering geskep is? -- Nee, nee, nee, u moet dit mooi verstaan. Kyk, in Engels vra iemand byvoorbeeld vir jou wat dit is en in antwoord sê jy dan "It is what you call it." Dit is nie dat jy besig is om iemand te beledig nie.

HOF : Waar staan dit?

MNR. JACOBS : Ek wil hê jy moet kyk na bladsy 6 van BEWYS-STUK V31 in die middel daar waar staan Peter Hlubi. Dan lees ons die tweede paragraaf "The question of calling this thing a councillor, we have a clear understanding as to why the (10) Government created a thing called a councillor." -- Nee, dit is nie hoe ek dit verstaan nie. Hier beteken dit dat die vraag is die ding wat h raadslid genoem word, wat noem jy dit en dan gee hy weer die antwoord self daar wat hy verstaan daaromtrent. Dit gebeur baie dat h persoon byvoorbeeld terwyl hy besig is om te praat sê "What do you call it?" en dan gaan hy weer aan self, dan noem hy die ding.

HOF : Hierdie is natuurlik nou nie gesê in Engels nie. Watter taal het mnr. Hlubi gebruik? -- Sotho.

Onderskei Sotho tussen dinge en mense? -- In Sotho is (20) daar ook daardie manier, die neiging dat h mens nou weer vir jou vra in sy taal "What do you call it?" en dan sê hy vir jou verder self wat dit genoem word.

Maar sou h mens kan sê "Wat se ding is u?" en dan sê u "Ek is h priester?" -- Ja, in Sotho, selfs h kind kan vir jou vra "Wat is jy?" Dit is eintlik nie dat h persoon jou ondermyn as die persoon so sê nie.

U is nou besig om van die vraag weg te loop. Kan ek u in Sotho, u as priester in Sotho, h "ding" noem? -- Ja, u kan byvoorbeeld vra "Wat is jy?" It is neutral. (30)

Dit/...

Dit lyk vir my ons kom nie bymekaar uit nie. Volgende vraag?

MNR. JACOBS : Ek wil dit ook aan jou stel dat Hlubi het op bladsy 4 van dieselfde bewysstuk gesê die raadslede kry die gesag, hy het weer op die raadslede klem gelê om die Swartmense te onderdruk in die Vaal? Dit is waar daar staan "Peter Hlubi", die vyfde reëltjie. Daar sê hy, verwysende na die raadslede, "These people will get the power to suppress you and press you down. Then you will be completely finished." -- Ja, dit is wat hy sê. Ek kan nie verstaan wat hy daar(10) bedoel nie. Ek was nie teenwoordig nie.

Dit is die boodskap wat hy oorgeëdra het aan die gehoor? -- Ek sê hy het wel so gesê maar ek verstaan nie wat hy daarby bedoel nie. Ek was nog nie daar gewees nie. Ek sien dit net hier staan.

En ek wil dit aan jou verder stel dat hy het dan ook 'n oproep gedoen op die gehoor dat hulle moet saam staan. Dit is net 'n entjie verder aan in dieselfde paragraaf "Every person as we have agreed that we do not need a committee. Everyone should stand on his or her own feet", dat julle (20) moet saam werk en die samewerking is teen die Raad? -- Nee, ek verstaan dit heeltemal verskillend van wat aan my gestel word. Wat ek verstaan hierso is dat die mense moenie agter staan en sê daar is 'n komitee nie. Dit is wat ek verstaan.

Sal u saamstem dat Mkhwanazi het ook die gehoor aangemoedig om tot aksie teen die raadslede oor te gaan? --Nee.

Ek sal lees op bladsy 12 waar mnr. Mkhwanazi begin praat "You can go to Soweto. They pay R52,00. You can go to Cape, Port Elizabeth. What do you call it, that thing, at" en dan "hell" en dan "the audience laughs". "Are you afraid to(30) fall/...

fall? We have fallen. How can we fall again? We can rather rise up and go." Dan sê die "Audience: Yes, yes." Dan Mkhwanazi weer verder "If you have to die, you should die. You would not die twice". Dan gaan hy aan h hele stuk oor wat is h lafaard. Dan lees ek weer verder vir jou "Those are boys, young boys. What are these things? The first things we talk about last week was that we should make them feel uncomfortable a little bit not buying their things. They are shop owners." As h mens die hele konteks van hierdie ding lees dan is dit h oproep op die gehoor dat hulle moet(10) aksie neem en saam staan teen die raadslede? -- Nee, daar is niks wat hy sê wat betrekking het op die raadslede het in hierdie wat u gelees het nie.

K778

So, die feit dat daarso - ekskuus, ek is jammer. -- Luister nou, wat ek hier wil verduidelik is niks word gesê deur Mkhwanazi in hierdie stuk wat u gelees het wat die raadslede raak nie en tweedens, ek het hier vir die Hof gesê dit is h neiging van die mense, selfs in Sotho om h vraag te vra en selfs te antwoord. Na Mkhwanazi gepraat het Soweto, Cape en Port Elizabeth, vra hy self "What do you call it?" en dan(20) antwoord hy self. Die boodskap wat ek hier verstaan is dat Hlubi is besig - en ander is besig om mense aan te moedig om die hoop te hou aangaande die "court interdict" en die petisie wat ek van gepraat het. As u verder kyk daar sê hy hulle is maar seuns en dan praat hy daarvan dat die kinders moet skool toe gaan. So, daar is niks eintlik wat hy hier sê wat h aanduiding is dat dit gemik is op die Raad nie.

Die vorige week se vergadering, dit is nou, ek neem aan dit is 19 Augustus se vergadering, is daar h besluit geneem dat iemand se besighede geboikot moet word? -- Ja. (30)

Is/...

Is dit die raadslede se besighede? -- Ja.

Was daar 'n besluit gewees dat julle van enigiemand anders wat nie raadslede was nie kan koop en wie nie ondersteun moet word nie? -- Nee.

Hierdie sinnetjie - dit is op bladsy 12 waar ek lees "The first thing we talked about last week was that we should make them feel uncomfortable a little bit by not buying their things." Na wie verwys hy daarso? -- Daarby bedoel hy dat daar voortgegaan moet word met die boikot van die raadslede se besighede. (10)

So, hy verwys na die raadslede daar. Is dit reg? -- U het my in die rede geval. Dit is met betrekking tot die huur dat dit gesê is. Dit was hier duidelik gemaak dat hulle word gevra dat hulle moet bedank, maar indien die verhoging op huur gestaak word, dan is daardie resoluëie van die beroep wat gemaak is nie meer van toepassing nie. Dit val weg.

Stem jy saam dat nou in hierdie stuk dat die persoon wel verwys na die raadslede? Dit is al wat ek vir jou vra? -- Ja, ek stem saam, maar u moet nie net daar eindig nie. U moet sê dat dit het betrekking op die raadslede aangaande (20) die huur.

Kan u vir ons sê op bladsy 14, daar word selfs gepraat deur 'n Blankepersoon en ek wil lees vir jou vanaf bladsy 14 van dieselfde bewysstuk "Unidentified male voice", so taamlik bo aan en ek lees vir jou voor "Our feelings are that we are not paying rent. If they are not able to agree we shall prove ourselves as being capable of fighting." Na wie word hier verwys "If they are not able to agree"? -- Ek weet nie waarvan praat hierdie persoon nie. Dit is juis die rede hoekom ek die persoon in die rede geval het en hom gestop het om (30)

verder/...

verder te praat.

Maar ek verstaan jou nie. Daar is n onderbreking van hierdie persoon blykbaar op die "tape" self waar die klank opgeneem is, was daar n onderbreking net voor sy gesprek hier weergegee word. Kan jy vir ons sê waarom het hy gepraat voor daardie onderbreking gekom het? -- Ek sê ek weet nie. As u net daar bokant kyk sal u sien dit is ek wat n vraag vra of die persoon praat.

Dit is reg, u stel die persoon nog aan die woord ook deur te sê "Are you saying something, Sir?" en dan is daar (10) blykbaar in die opname n onderbreking. Volgens die lys van onderbrekings wat gegee is, is dit onderbreking nr. 16 wat daar inkom, tussen waar u sê "Are you saying something, Sir?" en dan waar die persoon begin "Our feelings are", daar tussenin was daar n onderbreking van die opname. Verstaan jy nou? -- Ja, ek verstaan.

Dit is waarom ek vir jou vra, terwyl die onderbreking in die opname was en die persoon blykbaar gepraat het, kan jy vir ons sê wat het hy gesê daar? -- Ek sê ek het hom nie gehoor nie. Die rede daarvoor is die mense het die neiging om op (20) te staan en te praat en dan praat hy so sag, dat niemand kan hoor behalwe die mense in die onmiddellike nabyheid van die spreker nie.

Jy vertel vir die Hof jy het hierdie persoon gestop. Dit was nou-nou jou woorde, jy het hom gestop dat hy nie verder praat nie. Is dit reg? -- Ja, ek het hom gestop op dit wat ek gehoor het hy sê.

Hoekom het jy hom gestop? -- Soos ek sê, hy praat van n ding wat ek nie verstaan het nie. Hier sê ek toe vir hom ons moet besluite neem met die gevoelens wat sterk is. (30)

HOF/...

HOF : Sal u kyk na daardie gedeelte. Ek het nou na die band geluister hier nie en dit is miskien visueel, maar sê u "quiet" vir die gehoor of sê u "quiet" vir die spreker? -- Hier praat ek met beide die spreker en die gehoor.

En is die volgende sin dan nie ook om te sê vir die gehoor "Moenie emosioneel wees nie, moenie opgewonde raak nie"? -- Dit het betrekking op die spreker, want vir my het dit geklink dat die persoon wat hy nou sê, is opgewonde. Dit is hoekom ek daardie woorde daar gebesig het.

MNR. JACOBS : Wat het hierdie persoon opgewonde gemaak? (10) -- Wat ek daarby bedoel het is dat die persoon moet met respek praat. Hy moet nie sommer net dinge sê op enige manier nie.

HOF : Bedoel u dat hy nie respek gehad het teenoor u as voorsitter nie of teenoor die raadslede of teenoor wie? -- Teenoor myself en die gehoor teenwoordig daar.

MR BIZOS : Whilst we are on this, did we ask Your Lordship to correct the word "reply" to rely"?

COURT : Yes, previously, but now we have a new copy and it is reply.

MNR. JACOBS : Ek wil hê jy moet kyk na bladsye 14 en 15 (20) van dieselfde dokument. Ek wil met jou daar Mokheme se toespraak h bietjie behandel. In daardie toespraak die derde lyntjie van bo af, kom ons lees daardie sin dat hy dan h eenheid vorm "That is to say one thing only, that is on the day of the 3rd." Dit is h verwysing na 3 September. Is dit korrek? -- Ja, dit is korrek.

En dit verwys na 3 September, na die wegbly-aksie van 3 September? -- Hy praat van die dag van 3 September. Waar praat hy van die wegbly-aksie?

HOF : Wel, wat het u daaronder verstaan? -- Ek het nie (30) verstaan/...

verstaan waarvan hy praat nie, want al wat ek kon hoor is hy praat van die 3de.

MNR. JACOBS : En hy het gesê op hierdie 3de gaan daar mense wees wat uitsluip "these sneaks what sneak will out. They once sneaked out to instal cables. Other slept at the factory. It is not known how they slept. Other slept at work." Dit verwys na mense wat nie gaan gehoor gee aan die wegbly-aksie nie en op 'n onderduimse, ondergrondse manier gaan wegbly van die werksplekke. Is dit nie so nie? -- Ja, hy sê dit het al gebeur. (10)

HOF : En dit gaan weer gebeur? -- Ja.

MNR. JACOBS : As u nou gaan na die volgende bladsy toe waar hy aangaan, bladsy 15 "Now on that day in question these sneaks will board the buses and these taxi's." Dit is weer verwysende na mense wat dan busse en huurmotors sou neem om wel te gaan werk op 3 September? -- Ja, dit is soos hy daar praat.

En dan dat al die busse en huurmotors gestop sal word om in die Vaal in Sharpeville in te kom op die 3de? -- Ja, dit is wat hy sê. (20)

Dan gaan hy verder "And only when the issue shall have been discussed with those in authority, can they come in to ferry people going to work"? -- Wat was die volgende vraag.

Dit verwys tog baie duidelik na die opmars? Is dit nie? -- Hy praat van die 3de en wat moet gebeur en wat later gebeur het na die mense in outoriteit daar gesprek is. Hy praat nêrens hier van die optog nie. Waar sien u van die optog?

Ek sal dit vir jou probeer stel in konteks dan. Die busse sou verhoed word op 3 September 1984 om in die Vaal (30)

in/...

in te kom, in die woongebiede in te kom om die mense op te laai sodat hulle kan werk toe gaan. Is dit reg? -- Ek sê hy sê so, maar ek weet nie hoekom hy dit sê nie.

HOF : Maar het u hom gevra? -- Ek het hom nie gevra nie, maar ek sê ek weet nie waarom praat hy nie. As ek dit verder lees, sal u sien dat ek hom gestop het omdat ek vir hom gesê het "Ek weet nie waarvan praat jy nie."

Kom ons stop net 'n oomblik daar. Het u hom gestop? -- Ek neem aan toe ek daarop geantwoord het en sê dat "Ek weet nie waarvan praat jy nie" was 'n manier om hom te stop en ek(10) het dus die vergadering teruggeneem na dit wat oorspronklik daar bespreek is en toe gesê het dit is waarvoor ons hiernatoe gekom het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Na watter woorde verwys u nou? -- Waar ek sê ek weet nie.

"I do not know." -- Ja, dit is die gelykstaande van die Tswana woorde. In Tswana as u sê "Ek weet nie", beteken "I do not know" en dan "Ek weet nie waarvan praat jy nie."

HOF : Gee vir my die Tswana woorde, asseblief? -- "Ga ke itse se O Buang Ka Sone." (20)

En u sê dit beteken "Ek weet nie waarvan jy praat nie"? -- Ja.

En dit sê u het u gebruik? -- Wat ek probeer sê is wat ek nou net genoem het is 'n verduideliking van die woord wat ek gebruik het, gelykstaande as dit wat hier getranskribeer is as "I do not know." In kort het ek gesê "Ga ke itse, wat dan volledig beteken "Ga ke itse Goro O Buang" wat dan beteken "Ek weet nie waarvan praat jy nie."

MNR. JACOBS : Moet ek dan aanvaar, laat ons net duidelikheid kry, dat jy sê dat hierdie transkripsie wat daar staan "I (30)

do/...

do not know" is nie heeltemal korrek nie, daar kort woorde daar? -- Nee, hier praat ek met mense wat Sotho en Tswana goed verstaan, wat my goed verstaan as ek sê "Ga ke itse," maar aan u sal ek volledig moet verduidelik wat ek daar bedoel en wat h mens sal verstaan wat die taal goed ken.

Dit is eintlik h maklike vraag. Dit is, òf hierdie vertaling is nie heeltemal korrek soos hy hier is nie òf hy is korrek? -- Indien dit betrekking het op die mense saam met wie ek daar gepraat het, is dit korrek.

HOF : Nee, moenie dit kwalifiseer nie. Is die vertaling (10) korrek, ja of nee? Ons kan nie in die lug werk in hierdie saak nie. -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Ek was by die kwessie dat ek aan jou gestel het dat die persoon het gesê dat daar geen busse en huurmotors op 3 September dan moet loop nie.

MR BIZOS : It does not say on the 3rd. It may be implied, but if we are quoting words, let us confine ourselves to the words with respect.

MNR. JACOBS : Ek wil nie die hele terrein met hom weer deurgaan nie, maar ek dink hy het dit erken en dit het gegaan (20) oor die gebeure op die 3de ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Mnr. Bizos, u beswaar word afgewys. Op die vorige reël word gesê "On that day in question" en dan in die volgende sin sê hy "All buses and taxi's will be stopped from coming in here." Stel die vraag.

MNR. JACOBS : Dan wil ek dit verder met jou neem en sê, hy verwys daar na "Only when this issue shall have been discussed with those authorities" en dan eers sal busse toegelaat word om mense werk toe te neem. Stem jy saam? Dit is wat hier staan? -- Ek stem nie saam met u nie. Die autoriteite(30)

wat/...

wat hy van praat waarna hy verwys hierso is nie duidelik nie. Dit mag wees dat hy praat van die outoriteite wat in beheer is van die busse of die outoriteite van iets anders. Dit is nie duidelik nie.

Wat is die "issue" waarna hy verwys hierso? Wat is die "issue"? Is dit nie die huur wat die "issue" was al die tyd nie? -- Ek weet nie waarvan hierdie persoon praat nie. Ek sê ek kan nie uitmaak waarvan hy praat nie.

HOF : Waarom vra u hom nie "Wat is hier aan die gang? Wat praat jy van al die huurmotors en busse word gestop om in (10) te kom, op die 3de is daar mense wat in en uit sluipe, wat gaan aan in die woonbuurt"? Hoekom vra u hom nie? --Maar ek het hom gevra. Hier sê ek vir hom ek weet nie waarvan praat jy nie en wat ek van weet waaroor ons hier gekom het, is en dan noem ek dit daar onder.

Nee, hier staan "I believe that there is an attractive case which we must probably see how it goes. Dit kan op enige ding slaan? -- Nee, hulle was daarvan bewus dat ek praat van die "court interdict" en die "petition" wat ons moes toesien hoe dit op die ou end benader moet word. (20)

MNR. JACOBS : Jou antwoord wat jy hier gee, is dit aan die persoon wat daarso praat? Hierdie wat hier staan "I believe that there is an attractive case which we must probably see how it goes" en wat daar staan, is dit 'n antwoord aan die persoon wat gepraat het? -- Ja, dit is 'n antwoord. Dit sê hier hier is 'n saak waarin ons moet kyk en sien hoe dit uitgevoer moet word.

Maar dit het jy seker al honderde kere op daardie vergadering gesê hierdie saak van julle wat uitgevoer moet word. Hoekom spesifiek vir hom dit sê? Hy is dan die (30)

hele/...

hele tyd op die vergadering? Hy weet waaroor gaan dit daar?

-- Ek weet nie op watter stadium die persoon daar aangekom het nie. Of hy nou gehoor het nie, maar wat ek in gedagte gehad het was dat hy moet ook weet wat word hier gesê.

Dan net een aspek wat nog belangrik is hier, kyk, die gehoor daarso het baie goed verstaan waarna het hierdie persoon verwys, want hulle het dit so waardeer, hulle het dit met akklamasie ontvang?

HOF : Hande geklap? -- Nee, nee, u kan nie sê dat almal dit gedoen het nie, want as u daar lees, dan sê hulle daar (10) in die agtergrond is daar 'n geraas. Dit wil sê daar is mense wat iets sê daar. Niemand weet of hulle ten gunste hiervan of daarteen gepraat het nie.

MNR. JACOBS : Waar sê dit hier ooit dat iemand het iets gesê in die agtergrond? -- Nee, maar daar sê hulle daar is 'n geraas in die agtergrond. Die geraas kan wees dat dit mense is wat praat.

Kan dit ook wees mense wat hulle voete stamp? -- Nee, by hierdie vergadering het nie so iets plaasgevind nie. Dit is nie so nie. (20)

HOF : Hoekom raai ons aan die hand van hierdie teks? U was daar. Wat was die agtergrondlawaai gewees? Sê vir ons? -- Mense het gepraat. Ek kon net nie presies hoor wat hulle sê nie. Al wat ek vir die Hof kan sê is, daar was mense gewees wat in die agtergrond gepraat het.

MNR. JACOBS : En sal u saamstem, die mense wat hande geklap het, hulle het steun verleen aan wat daardie man gesê het, hulle het geweet waaroor hy praat? -- Nee, nie altyd nie. Van die mense het hande geklap omdat hulle wou gehad het ons moet voortgaan. (30)

Die/...

Die mense verstaan, stel ek dit aan jou, maar jy verstaan nie. Wil jy werklik hê die Hof moet glo dat jy nie verstaan waarom die man gepraat het nie? -- Ek stem nie saar met u nie, want daar is van die mense wat ook net nie verstaan het wat daar gebeur het nie. Hulle was ook so.

Hoe weet jy dit? Het jy vir hulle gaan vra? -- Ja, a. het hulle gevra.

Elke mens gevra "Het jy verstaan wat daardie man sê?" -- Nee.

So, jy daardie stelling wat jy nou maak, kan jy nie (10) maak nie, want jy het nie vir elke mens gevra wat het jy verstaan en wat het jy nie verstaan nie? -- Nee, ek verstaan dit nie so nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane,

ek wil met u gaan na die toespraak wat Wetha daar op die vergadering gehad het waarna verwys word op bladsy 10.

hierdie BEWYSSTUK V31. Die eerste deel wat hy da

is dat hy natuurlik saamstem dat julle voortgaan met die petisies en interdik en dat julle die seën het van die vergadering daar. Is dit reg? -- Ja.

Waar hy dan aangaan "After we have submitted the petition to the Italian" en die ses "Then we stop him, telling him what on the said day his buses should not enter, what should then happen if the buses enter". Is dit nie so dat hy hier ook verwys na 3 September nie? -- Ja, dit blyk dat hy eintlik besig is om Mokhele te ondersteun. Wat ek wel kan sê is, hy weet eintlik nie presies waarom die petisi

geseem/...

geneem moet word nie, want volgens hom hierso moet die petisie na die Italianer toe geneem word. Hy weet eintlik nie waaroor dit gaan nie. Hy kom met sy dinge daarso.

Die "Italian" is dit nie h skelnaam wat hier gebruik word nie?

HOF : Dit is seker nie h verskriklike skelnaam nie?

MNR. JACOBS : Nee, ek noem dit maar net dat dit nie na h Italianer as h lid van h nasie gebruik word nie, maar dat dit h ander algemene naam is wat sommer genoem word? -- Nee, dit is nie. (10)

Sal jy dan saam met my stem dat dit bekend is hier dat op 3 September daar nie busse in Sharpeville, in die woongebiede in die Vaal moes wees nie?

HOF : Wanneer was dit bekend?

MNR. JACOBS : Op die 26ste se vergadering. -- Nee, ek weet nie.

Ek wil dit aan jou stel dat dit was wel die geval dat op hierdie vergadering van die 26ste is daar by twee geleenthede ten minste verwys na die wegbly-aksie op 3 September 1984? -- Ek stem nie saam met u nie, want op hierdie vergadering is geen resoluë geneem oor dit wat hier gesê word nie. Jy kan dit sien as gevolg van die opmerking van Mkhwanazi waar hy nou vra wat word nou hier by gesê en wat Hlubi ook daar sê dat die persoon nou met sy eie dinge daar gekom het en ek het alreeds hier vir die Hof beskryf wat Botha se toestand was. (20)

Kom ons neem dit net, wat was sy toestand gewees? -- Ek het hier gesê dat hy het die neiging om dinge by te bring wat eintlik nie bedoel is vir die vergadering nie.

So, dit is nie h toestand nie, dit is h neiging wat (30)

hy/...

hy het? -- Omdat hy dit altyd so doen sal ek sê dit is sy toestand.

HOF : Bedoel u met toestand sy geaardheid of bedoel u met toestand sy geestestoestand in die sin dat hy nie heeltemal reg in sy kop is nie of h bietjie onder die invloed van drank is of half aan die slaap is of so iets? -- Wat ek daarby bedoel is, dit is maar sy manier van optrede.

Dus òf hy nou nugter is òf onder die invloed van drank is, hy sleep altyd dinge by wat nie by h ding hoort nie? -- Ja, dit is so. Dit is ook duidelik hier dat ek hom ook (10) gestop het.

MNR. JACOBS : Maar nou gaan ek weer terug na my oorspronklike vraag toe wat jy nie beantwoord het nie. Stem jy saam op 26 Augustus 1984 was daar by twee geleenthede ten minste op hierdie vergadering verwysings gemaak na die wegbly-aksie op 3 September? -- Ek stem nie saam met dit wat aan my gestel word nie. Wat ek wel sê is, iets is gesê aangaande die datum, maar wat presies gesê is, was nie duidelik nie. Nog h ding, dit gebeur dikwels dat by h vergadering iets sommer daar bygebring word wat eintlik nie betrekking gehad het op (20) hierdie vergadering deur mense wat die vergadering bywoon nie.

Ek wil dit aan jou dan verder stel dat op hierdie vergadering van die 26ste was daar dan ook by twee geleenthede verwys na busse wat nie op daardie betrokke dag, 3 September in die woongebiede sou wees nie? -- Ek stem nie saam hiermee nie. Wat ek wel sê is dat dit gebeur dat daar iets genoem word by h vergadering wat eintlik nie daarvoor bedoel is nie.

En dan wil ek dit aan jou stel dat by altwee die geleenthede toe die persone gepraat het op hierdie vergadering, (30)

het/...

het die gehoor blykbaar geweet waarvan daar gepraat word, want hulle het applous gegee vir wat daar gesê was? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het alreeds hier vir die Hof gesê dat dit net op een keer gebeur het dat hande geklap is en nie twee keer nie. Ek het hier vir die Hof verduidelik wat die klappery van hande beteken het.

Jy sê daar is net by een geleentheid geklap. Ek wil hê jy moet kyk na daardie bewysstuk voor jou en of jy jou antwoord regstel en of jy nog voortgaan met daardie selfde antwoord. Kyk op bladsy 15 na "People going to work", daar (10) staan dan in hakkies "Clapping of hands - background noises." Dan kyk jy na bladsy 21, daar waar Botha gepraat het aan die einde van sy deel daar "portion of audience shouted and applause." -- Ek stem saam, op bladsy 15 hiervan is daar hande geklap met die geraas in die agtergrond van die hande klappery, maar ek het dit aan die Hof verduidelik wat dit aan my beteken het. Wat bladsy 21 betref, die woorde hier is dat 'n gedeelte van die vergadering het die "applause" gedoen. Dit is nie dat almal teenwoordig op die vergadering as geheel deel daaraan gehad het nie. Nog wat ek kan sê (20) is, dit was duidelik hier met die vertoning van die video dat dit net die gedeelte van die mense was in die nabyheid van die deur wat daaraan deelgeneem het.

Sal jy saamstem dat daardie gedeelte wat by die deur gestaan het en wat daaraan deelgeneem het, moes ten minste darem verstaan het wat hy sê? -- Ja, ek het gesê by enige vergadering gebeur dit dat mense 'n onderwerp bybring by 'n vergadering wat eintlik niks daarmee te doene gehad het nie. Dus, dit is hoekom ek die mense gestop het.

HOF : Watter vraag is u besig om te antwoord? -- Dit is (30)

in/...

in antwoord op die aanklaer se vraag.

Wat was die vraag? -- Dat daar hande geklap was.

Dit was nie die vraag nie. U moet luister na die vrae.

-- Kan u dan die vraag herhaal?

Die vraag was, daardie mense wat hande geklap het en applous gegee het, het dus verstaan wat sê Botha en waarvan hy praat? Dit word aangeteken beskuldigde nr. 19 is terug. -- Ja, ek sê dit is so, alhoewel ek nie ten volle saamstem dat die mense wat die hande klap het dit almal so verstaan het nie. Daar is van hulle wat hande geklap het met die oog(10) daarop om hom te stop.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê na Botha - na hierdie applous, het Botha nog aan gepraat? -- Ja, hy het na dit gepraat.

HOF : Bedoel u as deel van dieselfde gesprek want op die volgende bladsy is daar iets van Botha?

MNR. JACOBS : As deel van dieselfde gesprek voordat Mkhwanazi aan die woord kom, op bladsy 21? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar as ek my feite reg het, na aanleiding van die applous wat daar gemaak was, het hom verhoed om verder te praat. (20)

Afgesien van hierdie dokument wat nou voor jou is, kan jy nie onafhanklik onthou of hy nog aan gepraat het of nie. Is dit reg? -- Nee, dit is nie reg nie.

Kan jy onthou of hy gepraat het of nie gepraat het nie daarna? Kom ek maak dit vir jou makliker, hoekom ek die vraag vra, want net na die applous daar is daar 'n onderbreking in die opname, onderbreking nr. 41 en dit is daarom dat ek vir jou vra? -- Wat ek onthou is dat na die toespraak deur Botha en die applous was daar nie meer 'n verdere toespraak deur hom nie. (30)

Ek/...

Ek wil dit aan u stel dat hierdie bewering wat ek netnou aan jou gestel het dat Hlubi in die onderhoud wat julle gehad het langsaan, na die vergadering met mnr. Harris, dat daarso samesprekings was ook met die ander organisasies in die Vaal en ek noem dit spesifiek die Vaal, dat dit is wat werklik gebeur het? Wat sê jy daaromtrent?

MR BIZOS : Does the document say in the Vaal?

MNR. JACOBS : Nee, met ander organisasies en ek stel dit aan jou die ander organisasies wat daar na verwys word en "the people" is die mense van die Vaal. Ek stel dit aan jou so. (10)
-- Ek stem nie daarmee saam nie. Dit is nie die waarheid nie.

Nou met watter organisasies was die samesprekings dan of gekonsulteer? -- Daar was geen organisasies daarby betrokke nie.

Ek sien nêrens daarso dat jy vir mnr. Hlubi korrigeer en vir mnr. Harris sê dit is nie die waarheid nie? -- Dit het gebeur, al het dit nie gebeur op die manier dit nou gestel word nie, maar tydens die onderhoud tussen myself, Hlubi en mnr. Harris, het ek dit duidelik gemaak.

Sal u saam met my stem in die opsig dat van Augustus (20) gedurende Augustus vandat die kennisgewing van die Raad uitgekome het dat dit nou 'n voldwonge feit is dat daar huurverhogings gaan wees, is daar in die Vaaldriehoek verskeie vergaderings gehou en intensief georganiseer omtrent die verhogings in die huur? -- Ek is nie daarvan op hoogte nie, soos dit aan my gestel word nie. Ek weet net van wat ek in die koerante gelees het, soos op die vergadering van die 26ste.

Sal u saamstem daar is vergaderings gehou in die Vaal deur die VCA en die areakomitees van VCA by verskillende plekke en op verskillende datums in die Vaal gedurende Augustus? (30)

Ek/...

-- Ek weet nie daarvan nie. Dit wat aan my nou gestel word het ek nooit vantevore van geweet nie totdat ek daarvan hier in die hof begin hoor het.

Selfs as n inwoner in die Vaal het jy nie geweet dat ander organisasies daar vergaderings gehou het oor huur nie? -- Ek het nie daarvan geweet nie tot en met die een geleentheid waar ek n koerantverslag gelees het waar daar melding gemaak is van n organisasie wat n vergadering hou. Dit is die een van die 26ste.

HOF : Watter organisasie was dit? -- As ek reg onthou was (10) dit die VCA.

En waar onthou u of dink u was dit? -- As ek reg onthou, al wat ek weet is dat n vergadering te Sebokeng gehou was.

In Sharpeville in Augustus tot en met sê 2 September was daar enige bedrywigheid, politieke bedrywigheid hoege-naamd? Vergeet nou van wat in u kerk plaasgevind het, dat ons nie debatteer of dit politiek is nie, maar behalwe die vergaderings in die kerk, was daar enige aktiwiteit, politieke aktiwiteit in Sharpeville? -- Ek kan nie onthou nie.

As daar redelike aktiwiteit was sou u dit seker onthou (20) het? -- Ja, wat ek bedoel is, indien daar enigiets gebeur het met betrekking tot dit, sou ek onthou ek. Dit wil sê wat gebeur het met my wete.

Maar weet u van enige bedrywigheid in verband met hierdie huurkwessie, deur die jeug in Sharpeville? -- Nee.

Geen vergaderings of aktiwiteit nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : Sê jy jy weet ook van geen aktiwiteite hoege-naamd van enige aard van die jeug in die Sharpeville nie, wat nie die normale aktiwiteite van die jeug is nie? -- Nee, ek weet nie hoe u dit bedoel nie maar wat my betref het ek (30)

geen/...

geen kennis hoegenaamd nie.

Het jy in die koerante gelees dat oor hierdie tye was daar ook vergaderings gehou in Evaton deur die Evaton Rate-payers Association? -- Ek het nie 'n kennis daarvan nie. 'n Mens, as hy nie kennis van 'n ding het nie, kan dit wees dat jy miskien daarvan lees, maar dit kan jy nie sê is 'n kennis wat jy opgemaak het nie.

Het jy dan miskien gelees daarvan? Is dit wat jy vir die Hof probeer sê, maar jy het nie kennis andersins nie? Jy het gelees daarvan maar jy het nie kennis andersins (10) nie. -- Ek kan nie onthou dat ek daarvan gelees het nie. Ek weet nie. As jy nie van iets weet nie, dan weet jy nie. Dan kan jy nie op enige manier betrokke raak nie.

Kan jy onthou of jy gelees het of COSAS daar betrokke was by enige aktiwiteite - kom ons hou dit by vergaderings, by enige vergaderings wat gehou was daar in die Vaal gedurende Augustusmaand 1984? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou van die Vaal Youth League, of hulle enigsins betrokke was by enige van die vergaderings wat in die Vaaldriehoek gehou was, Swartwoudbuurt gedurende (20) Augustus 1984? Laat ek dit net so kwalifiseer. Die Vaal Youth League of Vaal Youth Organisation? -- Ek weet nie van die bestaan van daardie organisasie nie. Ek hoor daarvan eers hier in hierdie hof.

Het jy enigsins kennis gedra, hetsy koerante of andersins dat Vaal Organisation of Women deelgeneem het aan enige vergadering van die organisasies in die Vaal gedurende Augustus 1984? -- Ek het nie van die bestaan van daardie organisasie geweet nie. Ek hoor dus daarvan vir die eerste keer in die loop van hierdie saak. (30)

Ek/...

Ek wil dit aan jou stel dat by al hierdie verskillende vergaderings, dié wat gehou was in Augustus 1984 en waar jy by die organisasie daarvan betrokke was, dié van VCA en al die organisasies, ERPA s'n, dat die teiken van almal was die raadslede. Almal het h gemene teiken gehad, raadslede? -- My antwoord daarop is dat ek niks te doen het met hierdie organisasies nie. Daar is niks wat my betrek op wat hulle doen nie. Dus kan ek nie namens hierdie organisasies iets sê nie. Ek het geen kennis hoegenaamd van wat daar gebeur het nie. (10)

Ek wil dit ook aan jou stel dat op al hierdie vergaderings was daar h gemeenskaplike propaganda wat aangewend was teen die raadslede, soos dat hulle nie hulle beloftes nagekom het nie, dat hulle "puppets" van die Regering is, dat hulle "sell-outs" is, dat hulle oneerlike mense is wat besighede kry en daardie wat hier genoem was? -- Ek weet nie van die vergaderings wat u na verwys nie. Ek sal graag wil antwoord op dit waarvan ek weet, want u is nou besig om vir my te vra van dinge waarvan ek nie weet nie.

Ek wil jou nie keer as jy h antwoord wil gee nie, ver-(20) staan my goed ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U kan die getuie keer as hy h irrelevante antwoord gee. Dit is miskien hoog tyd. Dan moet u ook die vrae so stel dat u net relevante antwoorde ontlok.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat die resolusies wat op al hierdie vergaderings geneem is is ook gemeenskaplik van aard. Die eerste is dat - ek sal hulle vir jou tabelleer - die verhoogde huur nie betaal moet word nie, dat die raadslede moet bedank, dat die raadslede se besighede geboikot moet word en dan wil ek dit ook stel dat daar op die 3de h wegbly-(30)

K779

aksie/...

aksie sou wees en ek wil dit ook stel dat daar op die 3de gemarsjeer sou word na Houtkop? -- Ek verstaan dit dat dit betrekking het op die vergaderings van die inwoners. Ek is in staat om alleenlik te kan antwoord met die dinge wat te doene het met my gesin en wat plaasvind in my kerk. As u dit kan bepaal op dit waar dit betrekking het, sal ek in staat wees om dit te kan antwoord.

HOF : U het nou 'n halwe vraag gevra. U het nou 'n ding gestel wat miskien of miskien nie gemeensaak is nie. Wat is die vraag? (10)

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan hom dit is gemeensaak hierdie punte.

HOF : Dit is nou vriendelik dat u dit aan hom stel. Wat is die konklusie wat u daaruit trek? Is daar 'n konklusie wat u daaruit trek of gee u hom maar net inligting vir die lekker?

MNR. JACOBS : Ek wil net al hierdie bymekaar bring. Ek wil dit aan jou stel dan dat al hierdie dinge gedoen was as 'n samewerking tussen julle almal en dit word dan bevestig met hierdie woorde wat Hlubi gesê het op die onderhoud wat (20) hy daarna gehad het dat julle met ander organisasies same-sprakings gevoer het? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het hier vir die Hof gesê wat die kerk se betrokkenheid was en wie by die kerk betrokke is van die mense daar en dat die twee persone maar net werknemers is by die vakbond van die werkers.

Ek wil hierdie - ek wil jou verder neem na die gesprek of die toespraak van die ou dame, mev. Mokati op hierdie betrokke vergadering. Sal jy saamstem dat die ou dame het 'n beroep daar op die vergadering gedoen vir vrede en dat (30)

die/...

die jeug beheer moet word om nie die busse te vernietig nie?

-- Nee, mev. Mokati praat van die jeug waar sy die jeug raakgeloop het. Dit is duidelik hier dat wat mev. Mokati sê is dat sy hierdie dag in aanraking gekom het met die jeug waar sy die jeug versoek het dat die jeug hulleself sal moet goed gedra.

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. JACOBS : Bladsy 8 op BEWYSSTUK V31. Ek wil dit aan jou stel dat volgens die hele konteks van daardie stukkie wat sy praat op hierdie BEWYSSTUK V31 wys sy daar uit dat die (10) Regering is nie besig om te veg nie, die wet is nie besig om te veg nie en dan sê sy hulle moet die busse alleen laat en sy sê dat die fout is ook die vaders en die moeders s'n. So, sal u saamstem, die hele konteks van haar toespraak hier is dat sy doen 'n beroep vir vrede? -- Ja, maar ek sê dan vir u dat sy sê dit is wat sy aan die jeug oorgedra het waar sy die jeug ontmoet het.

Maar dit is haar oordrag ook op hierdie vergadering waar sy julle ontmoet het op hierdie vergadering van die 26ste, waar sy sê daar moet vrede kom? -- Wat ek verstaan (20) daar is dat sy noem aan ons wat sy aan die kinders oorgedra het. Nie dat sy besig was om ons by daardie vergadering met hierdie woorde toe te spreek nie.

HOF : Hoekom? -- Dit is omdat sy sê "ek het hulle versoek" en dan noem sy wat sy gesê het in die versoek wat sy aan die kinders gerig het.

Hoekom kom dit ter sprake? Hoekom opper sy die probleem? -- Dit opper sy om ons net in te lig wat sy gedoen het by die plek waar sy die kinders ontmoet het.

Maar sy wou iets tuisbring aan die gehoor, want sy (30)

sê/...

sê aan die einde die fout is by ons, die moeders en vaders?

-- Wat ek verstaan sy hier doen is dat sy sê dinge wat bespreek was verlede week by hierdie vergadering is nie dit wat nou gedoen word deur die kinders wat ek op die manier al toegesprek het nie. Tweedens, sy sê dit is gedoen deur on-verantwoordelike persone, verwysende na die kinders.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat hoewel jy daar kom pleit vir vrede, het jy in jou antwoord nooit die kinders veroordeel nie, maar jy praat eintlik hulle optrede goed, want jy koppel dit aan eenheid? -- Nee, dit is nie korrek nie. (10) Daardie stelling kan nie korrek wees nie, want ek het duidelik gesê indien n persoon iets doen wat in botsing is met die wet, sal die persoon gearresteer word en ek het toe verder gesê dat wat hierdie kinders gedoen het, wat hulle daar aangevang het, is nie ter bevordering van die Swartgemeenskap nie.

Ek wil vir jou voorlees hier op bladsy 9 waar jy begin met hierdie aspek "Now the second point I would like to raise is about the schools scholars. Now what we need to know as parents is that there are things which divide the community. There are things which do not bring unity. There are things (20) which are not clear. Now about schools. I do not meddle in school natures. I am not a scholar." Sal jy saamstem met my dit is nie n veroordeling van die kinders daar nie, maar dit is hier gesien en ek wil dit aan jou stel dat die kinders van belang is vir eenheid en daarom het jy hulle nie aangeval nie? -- Nee, nee, u verstaan my nie daar nie. Wat ek daarin sê stem ek volkome saam met mev. Mokati en by hierdie sê ek verder ek is nie n skolier nie, dus kan ek nie met skoliere saam doen en late ingemeng word nie en tweedens, ek verwag dat daar eenheid moet wees tussen die mense en dit wat gedoen word (30)

kan/...

kan nie eenheid bring nie. Dit is wat ek daarin sê. Met ander woorde, wat ek daarin sê is dat dit nie 'n goeie ding maak of bevorder nie. Ek is dus teen dit wat hulle doen.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 22 JUNIE 1987.

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I2-12-240

Document Title:- Vol 240 p 12742-12780. Witness: Moselane